


DIE SELFBEELD VAN DIE SOSIOLOGIE – EN SOSIOLOË

DEUR

PROF DR J S OOSTHUIZEN





Hierdie publikasie en die publikasies wat agter in hierdie publikasie vermeld word, is verkrygbaar van:


**VAN SCHAIK'S BOEKHANDEL (EDMS) BPK
BURNETTSTRAAT 1096
HATFIELD
0083**

DIE SELFBEELD VAN DIE SOSIOLOGIE – EN SOSIOLOË

DEUR

PROF DR J S OOSTHUIZEN

INTREEREDE GELEWER OP 12 JUNIE 1980 BY DIE AANVAARDING VAN
DIE PROFESSORAAT IN EN DIE HOOFSKAP VAN DIE DEPARTEMENT
SOSIOLOGIE



PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

NUWE REEKS NR 160

Prys: R1.65

ISBN 0 86979 345 4

Geagte meneer die Rektor, meneer die Dekaan, dames en here:

Peter Berger merk voor in een van sy boeke op dat daar baie min grappe oor sosioloë bestaan (Berger, 1963:1). Dit is so. Presies die omgekeerde is egter waar met betrekking tot predikante en hulle naaste kollegas, die sielkundiges. Ek is seker dat die meeste van u wat vanaand hier aanwesig is byna onmiddellik aan 'n grap sal kan dink wat ten koste van 'n predikant of sielkundige vertel word; baie min van u sal egter dadelik voor die dag kan kom met een waarin daar met 'n sosioloog die draak gesteeek word. Of hierdie toedrag van sake vir sosioloë 'n rede tot jaloesie is, is 'n vraag wat ek nie sal probeer beantwoord nie. Dié feit is op sigself egter baie betekenisvol. 'n Mens kan hieruit aflei dat die predikant en die sielkundige baie prominent in die verbeelding van die gewone man figureer, maar die sosioloog nie. Jan Publiek skyn dus oor die algemeen 'n duidelike beeld/voorstelling te hê van watter soort mens 'n predikant of sielkundige is en van wat hulle doen (of hierdie voorstellings altyd juis is, is nie nou ter sake nie), maar 'n baie vae of selfs geen beeld nie van watter soort wese 'n sosioloog is en van waarmee hy hom besig hou. Sosioloë moet daarom ook voortdurend aan nie-sosioloë verduidelik watter soort vak sosiologie is en wat sosioloë eintlik doen.

Hiermee sê ek nie dat die sosiologie of sosioloë *geen* openbare beeld het nie. Hier en daar vind 'n mens wel individue wat iets meer van die sosiologie en sosioloë weet, maar die beeld wat hierdie persone van die vak en sy beoefenaars het, is soms ook baie eensydig en onvolledig. Berger noem ses voorstellings van sosioloë wat 'n mens by die nie-sosiologiese publiek aantref (Berger, 1963: 1-16). Die sosioloog word gesien as 'n persoon wat graag met mense werk, as iemand wat die teoretiese onderbou verskaf vir maatskaplike werk, as 'n sosiale hervormer, as 'n versamelaar van statistiese gegewens oor menslike gedrag, as iemand wat hom primêr besig hou met die konstruksie van metodes om menslike gedrag te bestudeer, of, ten slotte, as 'n siniese waarnemer en koue manipuleerder van ander mense. Hoewel die meeste van hierdie voorstellings 'n element van die waarheid bevat, is hulle almal baie eensydig en dus misleidend.

Ek wil vanaand egter nie met u praat oor die beeld wat ander mense van die sosiologie of sosioloë het nie, maar oor die beeld wat die sosiologie van homself het of wat sosioloë van hul vak en hulself het. Dit spreek vanself dat nie alle sosioloë noodwendig sal saamstem met wat ek vanaand hier te sê het nie; 'n selfbeeld is immers 'n baie subjektiewe saak. Ek het egter 'n vermoede dat die meeste sosioloë in breë trekke hulle eie selfbeeld sal herken in die een wat ek vanaand aan u gaan voorhou. Indien ek my hierin vergis, moet u dit wat ek gaan sê maar beskou as die beeld wat ek persoonlik van die vak sosiologie en van myself as sosioloog het. Dit is immers vanaand my voorreg — en ook my aangename plig — om aan u te verduidelik hoe ek my vak sien en hoe ek my

taak as hoof van die Departement Sosiologie aan hierdie Universiteit in die jare wat dit my vergun sal wees om die funksie te vervul, sal probeer uitvoer.

'n Selfbeeld is, soos ek reeds gesê het, 'n baie subjektiewe — en laat my daaraan toevoeg — ook 'n baie gekompliseerde saak. Om alle komponente daarvan te probeer opnoem, is 'n onbegonne taak. Elke omskrywing van 'n selfbeeld sal dus onvolledig wees. Wat meer is, die verskillende komponente van 'n selfbeeld is ook nie altyd logies met mekaar te versoen nie. 'n Selfbeeld bevat meesal botsende of teenstrydige komponente. Die selfbeeld van die sosiologie en sosioloë is geen uitsondering op hierdie reël nie. Ek wil u aandag vanaand op slegs agt komponente van die selfbeeld van die sosiologie (of sosioloë) vestig en terselfdertyd aantoon hoe ambivalent en gekompliseerd hierdie selfbeeld is. Ek sal hierdie agt komponente in die volgende vier stellings verpak. Die sosiologie is tegelyk —

- (1) 'n visioen en 'n hartstog
- (2) 'n wetenskap en 'n kunsvorm
- (3) 'n vorm van tegnologie en 'n soort terapie
- (4) 'n profesie en 'n tydverdryf

Die sosioloog sien homself gevolglik tegelyk as 'n soort siener en 'n mens wat gedryf word deur 'n onbeheerbare passie, as 'n wetenskaplike en 'n kunstenaar, as 'n tegnoloog en 'n terapeut, en, laastens, as 'n professionele mens en iemand wat van sy beroep 'n tydverdryf/stokperdjie gemaak het.

Voordat ek verder gaan om in besonderhede uiteen te sit wat ek met die voorgenoemde stellings bedoel, moet ek miskien net eers daarop wys dat daar waarskynlik baie ander dissiplines (soos onder andere die sielkunde) en hulle beoefenaars is wat hierdie vier stellings net so sou kon onderskryf. Wat die selfbeeld van die sosiologie en sosioloë egter onderskei van die selfbeeld van hierdie ander dissiplines en hulle beoefenaars, is die presiese betekenis wat die sosiologie en sosioloë aan hierdie stellings heg. In die res van hierdie rede sal ek probeer om aan die vier stellings sosiologiese inhoud te gee.

EERSTE STELLING

Die sosiologie is tegelyk 'n visioen en 'n hartstog. (Die sosioloog sien homself tegelyk as 'n soort siener en as 'n mens wat gedryf word deur 'n onbeheerbare passie)

Visioen

Wat word bedoel as ek die sosiologie 'n visioen noem? Laat my begin deur daarop te wys dat 'n visioen meer is as net 'n bepaalde perspektief of visie op

'n saak. 'n Persoon kan dinge vanuit verskillende hoeke bekyk en dan verskillende perspektiewe of visies daarop hê. Sulke perspektiewe of visies op sake het in die reël egter geen eksistensiële implikasies vir die betrokke individu nie. Dit laat hom as mens onberoerd. Maar met 'n visioen is dit anders: 'n visioen laat die individu nie onberoerd nie, dit omvorm hom radikaal. 'n Visioen verander nie net 'n individu se opvatting ingrypend nie, maar neem ook sy lewe volledig in beslag. 'n Visioen het iets in gemeen met 'n religieuse bekering. Vergun my in hierdie verband twee verwysings na die Nuwe Testament. Ná Petrus se visioen in Joppe het hy 'n dramatiese bewussynsverandering ondergaan. Hy het meteens besef dat Jahweh nie onderskeid maak tussen Jode en heidene nie. Hierdie nuwe siening sou voortaan sy regverdiging wees vir 'n radikaal nuwe houding en optrede teenoor nie-Jode (Handelinge 11:1-18). Paulus se visioen op die weg na Damaskus het 'n soortgelyke effek op sy verdere lewe gehad (Handelinge 9: 1-19).

Hierdie ervarings van Petrus en Paulus is nie vreemd aan sosioloë nie, hoewel hulle dit nie altyd aan die groot klok hang nie. Sosioloë was van die begin af geneig om die deurbraak van die sosiologiese visioen te beleef as 'n soort bekering. Na hierdie gebeurtenis kan hulle mense en die samelewing nooit weer op dieselfde wyse sien as voorheen nie. Hierdie visioen neem hulle eksistensiel in beslag. Dit word 'n soort obsessie by hulle. By die meeste vooraanstaande sosioloë is die gevolge van hierdie bewussynsverandering nie te misken nie. Vir Auguste Comte, die grondlegger van die moderne sosiologie, was die sosiologie 'n nuwe soort religie waarvan hyself die hoëpriester was. Op Karl Marx het die sosiologiese visioen 'n soortgelyke effek gehad. En so sou 'n mens kon voortgaan deur te wys op die eksistensiële greep wat die sosiologie gehad het op E. Durkheim, M. Weber, G.H. Mead, T. Veblen, G. Simmel, V. Pareto, C.W. Mills, T. Adorno, H. Marcuse en talle ander sosioloë.

Maar wat is nou die inhoud van hierdie sosiologiese visioen? Ek noem slegs vier basiese insigte waartoe dit lei:

Eerstens, die insig dat daar 'n verband bestaan tussen die lotgevalle van individue en die aard van die samelewing of die gees van die tyd waarin hulle leef (Mills, 1970: 9-32). Ter illustrasie: Wanneer 'n individu selfmoord pleeg, is die nie-sosioloog meesal geneig om dié tragiese verskynsel in verband te bring met 'n krisis in die persoon se persoonlike lewe — iets soos 'n liefdesteleurstelling, die verlies van 'n geliefde, ensovoorts. Die sosioloog ontken nie dat sulke faktore 'n rol speel by selfmoord nie, maar hy is veel eerder geneig om die oorsake van dié verskynsel te gaan soek in die struktuur van die samelewing of die gees van die tyd waarin die betrokke persoon (ge)leef (het). Sy visioen het hom tot die insig gebring dat selfmoord méér voorkom in een soort samelewing as in 'n ander, byvoorbeeld méér in digbevolkte stedelike gebiede as in rustige, landelike milieus. Nog 'n voorbeeld: Wanneer 'n sosioloog

gekonfronteer word met 'n individu wat werkloos geraak het, beskou hy hom nie onmiddellik as lui of inisiatiefloos nie, maar stel hy ondersoek in of werkloosheid nie endemies is in die samelewing waarin die individu hom bevind nie, of dit nie 'n struktuurkenmerk van die gemeenskap is nie. Indien dit wel die geval is, moet 'n mens die werkloosheid van die genoemde individu ook in 'n heeltemal ander lig beskou. Dan het hy 'n slagoffer geword van bepaalde sosiale en tydsomstandighede en ontbreek dit hom nie noodwendig aan ywer of inisiatief nie. Die feit dat duisende mense gedurende die depressie van die dertigerjare werkloos was, was nie die gevolg van 'n negatiewe ingesteldheid by groot getalle individue nie maar van sekere sosio-ekonomiese disfunksies wat die vernaamste nywerheidslande van die Weste gedurende dié jare geteister het.

Tweedens, die insig dat mense nie noodwendig is wat hulle voorgee om te wees nie, maar dat hulle voortdurend maskers dra of rolle speel; verder: dat sosiale instellings dikwels fasades is wat komplekse en baie interessante gedragspatrone verberg. Hierdie insig het tot gevolg dat die sosioloog voortdurend probeer om maskers af te ruk, fasades af te breek en te kyk wat daaragter skuil (Berger, 1963: 31-43). Dit is hierdie neiging van die sosioloog om sy neus oral in te steek, wat aanleiding gegee het tot die gesegde dat die sosioloog 'n persoon is wat gedurig 'n alibi het om enige tyd by enige plek in te stap. Erving Goffman is een van die hedendaagse sosioloë wat uitmunt in die kuns om maskers af te ruk en fasades af te breek. In sy werk *The Presentation of Self in Everyday Life* (1956) toon hy op meesterlike wyse aan hoe mense voortdurend besig is om maskers te dra en maskers te verwissel, hoe elkeen besig is om 'n sekere front teenoor ander mense op te hou — om, idiomaties gesproke, sy beste voet voor te sit of die blink kant bo te hou ter beskerming van sy eie beeld in die oë van ander mense. Sommige mense speel hierdie spel beter as ander en slaag sodoende daarin om baie ongunstige dinge te verberg. Die sosioloog beskou dit as sy taak om ook hierdie ander sy van mense se gedrag, naamlik dit wat hulle probeer verberg, bloot te lê — uiteraard dikwels tot groot ergenis van die betrokkenes. Die ernstige sosioloog doen dit in belang van die wetenskap en nooit met kwade bedoelings nie; hy is ook die eerste om te erken dat hy self ook die spel speel. Die sosioloog probeer, soos reeds gesê is, ook aantoon dat sosiale instellings dikwels fasades is waaragter komplekse en baie interessante gedragsvorme verberg word. Dieselfde Goffman van so-ewe toon in sy *Asylums* (1967) aan hoe normaal die gedrag van mense in inrigtings vir sielsiekies soms kan wees. Sielsiekies gedra hulle nie altyd soos malle nie, veral nie wanneer hulle alleen is nie. Hulle speel dikwels bloot die rol van die malle om die psigiater wat hulle behandel of die verpleër/verpleëgstster wat hulle versorg, tevrede te stel; sterker nog, om die gemeenskap wat hulle as mal beskou, nie te ontnugter nie.

Derdens, die insig dat die waardes, norme en gedragspatrone van mense 'n

produk is van die samelewing waarin hulle hul bevind; eenvoudiger gestel, dat mense dit is wat hulle samelewing van hulle maak (Berger, 1963: 66-92). Die meeste mense glo graag dat hulle self in beheer van hulle denke en gedrag is, dat elkeen sy eie identiteit bepaal. Die sosioloog sal nie ontken dat hierdie opvatting 'n element van waarheid bevat nie, maar hy is terselfdertyd ook bewus daarvan dat 'n samelewing sy stempel op die denke en gedrag van sy lede afdruk. Die oortuigings en die gedrag van die individu dra in 'n veel geringere mate die stempel van sy persoonlikheid as wat hy graag sal wil glo. Die individu is in werklikheid voortdurend besig om die mense om hom na te aap, of, om dit meer sosiologies te stel, in die sosiale interaksieproses sy eie opvattinge en gedrag in ooreenstemming met die opvattinge en gedrag van ander te bring. 'n Mens moet dit selfs nog sterker stel: hy *moet* sy opvattinge en gedrag in ooreenstemming met dié van die ander lede van sy groep bring indien hy homself nie aan ernstige sosiale sanksies wil blootstel nie. Ek noem weer twee voorbeelde. Eerstens, mense glo graag dat hulle diepste geloofsoortuigings 'n saak van persoonlike keuse of beslissing is. Die feite suggereer egter iets anders. 'n Persoon wat in 'n Europese samelewing opgroei, sal na alle waarskynlikheid die Christelike geloof bely, terwyl 'n persoon wat uit 'n Arabiese gemeenskap kom, met ewe groot waarskynlikheid 'n Moslem sal wees. Die sosioloog weet dat die opvattinge van mense, of dit nou religieuse, politieke, sosiale of watter ander opvattinge ook al is, veel sterker bepaal word deur die spesifieke sosiale konteks waarin die individue hulle bevind as deur hulle individuele keuses of persoonlike beslissings. Tweedens, 'n jongman sou, teoreties gesproke, wanneer hy aan 'n huwelik dink, verskeie moontlikhede kon oorweeg. Om maar twee te noem: hy sou 'n monogame huwelik met slegs een vrou kon sluit, of 'n poligame huwelik met meer as een vrou. Die feit is egter dat samelewings hulle lede nie toelaat om op hierdie teoretiese wyse tussen verskillende huweliksforme te kies nie. 'n Lid van 'n Europees-Christelik georiënteerde samelewing is verplig om die monogame huweliksform te kies, terwyl 'n lid van 'n tradisionele Arabies-Islamitiese gemeenskap onder druk verkeer om 'n poligame huwelik te sluit. Afwyking hiervan lei tot ernstige sosiale of selfs juridiese sanksies.

Vierdens, die insig dat die mensewêreld groter is en 'n ryker verskeidenheid bevat as die klein deeltjie daarvan wat hy self ken (Berger, 1963: 52-53; Mills, 1970: 147-158). Die sosioloog is iemand wat deur sy studie kennis maak met 'n enorme verskeidenheid van menslike waardes, norme en gedragsvorme. Hierdie feit maak dit vir hom onmoontlik om die waardes, norme en gedragsvorme van sy eie groep te verabsoluteer. Hy is tolerant teenoor mense wat anders dink as hyself en wat hulle op 'n ander wyse gedra as wat gebruikelik is in die groep waartoe hyself behoort. Die sosioloog weet dat niks wat menslik is absoluut is nie. Hy is 'n kosmopoliet wat in die gees — soms ook fisies — gedurig van die een menslike gemeenskap na die ander swerf en in dié proses kennis neem van 'n groot verskeidenheid van menslike opvattinge en gedragsvorme.

Die sosioloog is gefassineer deur mense. Dit maak vir hom nie saak of hierdie mense in Johannesburg, New York of Moskou, in die Kalahariwoestyn, die woude van Nieu-Guinee of die berge van Tibet woon nie. Hy beskou elke groep mense binne hulle eie konteks. Die ryke verskeidenheid denk- en leefwyses onder mense ontstel hom nie maar vervul hom eerder met eerbied en ontsag vir die wonderlike geskakeerdheid van die mensewêreld.

Hartstog

Die sosiologie is egter méér as net 'n visoen: dit is, soos reeds gesê is, ook 'n onbeheerbare hartstog. Die sosioloog moet, om Luther te parafraseer, sê: Ek doen wat ek doen omdat ek nie anders kan nie. Wat hy doen, is nie bloot die gevolg van suiwer intellektuele insigte nie. Sy passie het veel eerder 'n etiese of miskien selfs 'n estetiese oorsprong. Die vraag wat nou beantwoord moet word, is: Wat is dit wat die sosiologie of die sosioloog dryf? Of, om met Weber te spreek: Wat is die aard van die demoon wat die sosioloog se lewensdraad vashou? (Weber, 1968: 613). Ek wil u aandag kortliks op die wortels van hierdie passie vestig.

Hierdie passie het sy oorsprong, *eerstens*, in 'n opregte belangstelling in mense. Die sosioloog is altyd geïnteresseerd in wat mense doen, ongeag wie die mense is of wat hulle doen. Dit maak vir hom nie saak of hulle beskaafd of onbeskaafd, ryk of arm, invloedryk of nie invloedryk is nie; dit maak ook nie vir hom saak of dit wat hulle doen vir hom goed of sleg, sinvol of nie sinvol is nie. Wat hom dryf, is in die eerste plek 'n onweerstaanbare drang om meer van mense te wete te kom, en dit omdat hy in sy diepste wese van mense hou. Omdat die sosioloog van mense hou, kom hy ook in opstand wanneer mense deur ander mense verontreg word of wanneer hulle deur bepaalde sosiale gebruike in hulle menswaardigheid aangetas word. Wat ek hier dus wil sê, is dat die sosiologiese hartstog in wese 'n humanitêre, mensliewende hartstog is. Dit maak die sosiologie dus ook 'n mensliewende dissipline en die sosioloog 'n mensliewende persoon (Berger, 1963: 164-176; Bierstedt, 1974: 309-321). Die neiging van sosioloë om altyd op te kom vir die regte van onderdrukte of verontregte, om kritiek te lewer op die hiperwêreldes en magselites, hang ten nouste saam met die respek wat die sosioloog vir die menslike persoon het (Hierdeur haal sosioloë hulle uiteraard ook dikwels die haat van heersende belangegroepes op die hals). Sosioloë se kritiek op bepaalde sosiale instellings is ook daarop gemik om mense te bevry en hulle in staat te stel om 'n menswaardige bestaan te voer. Hierdie besorgdheid oor menslike waardigheid is ook die rede waarom sommige sosioloë dikwels so heftig in verset kom teen ander sosioloë wat skynbaar nie meer die behoefte voel om mense in hulle sosiale nood te hulp te kom nie.

Die sosiologiese hartstog wortel, *tweedens*, in 'n diepliggende hunkering na

die volmaakte samelewing, na die "stad van God" — om met Augustinus te spreek. Die sosioloog is 'n onverbeterlike idealis. Sy studie van menslike groepsgedrag maak hom meer intens as enigiemand anders bewus van die tekortkominge in bestaande samelewings. Hy kom innerlik in opstand wanneer mense hulle eie instellings idealiseer en voorgee dat dit die beste denkbaar is, of, erger nog, wanneer mense hulle eie instellings en idees omtrent menslike gedrag aan ander mense probeer opdring. Die sosioloog bly voortdurend op weg, op soek na die ideale samelewing; hy staan uitermate krities teenoor mense wat hulle eie samelewing ophemel as die ideale of byna ideale, soos ideoloë maar te dikwels geneig is om te doen. Die sosioloog kan nooit soos doktor Panglos in Voltaire se *Candide* (1959) glo dat die bestaande wêreld (resp. samelewing) die beste van alle moontlike wêreldes (resp. samelewings) is nie. Sy hunkering na die volmaakte samelewing maak dat hy altyd onv Genoeg is met die bestaande.

Die sosioloog se hartstog wortel, *derdens*, in 'n onweerstandbare drag om die onvolmaakte samelewing waarin hy hom bevind, *te verander* en 'n beter een in die plek daarvan te stel. Dit is waarom sosioloë dikwels aan die voorpunt staan van kritiese strominge binne die samelewing. Karl Marx het immers reeds gesê: "die wysgere het die wêreld slegs op verskillende maniere geïnterpreteer; waar dit op aankom is om dit te verander" (Marx, 1964: 341). Die gebalanseerde sosioloog bly by dit alles egter nog altyd 'n realis. Hy weet baie goed dat hy nooit daarin sal slaag om die volmaakte samelewing daar te stel nie. Daarvoor ken hy mense te goed. Hy weet dat mense in wese verwaand en selfsugtig is; hy weet ook dat daar baie waarheid steek in Hobbes se stelling dat die mens 'n wolf is vir sy medemens, dat hy voortdurend daarop uit is om sy medemens te verskeur. Dit alles weerhou die sosioloog egter nie daarvan om steeds te probeer om 'n beter samelewing daar te stel nie, om steeds te bly hunker na 'n volmaakte samelewing nie. Hy is soos Sisyphus (Camus, 1942) wat deur die gode gedoem is om met 'n reuse rots teen 'n berg uit te beur, wel wetende dat wanneer hy die top bereik dit weer terug sal rol en hy van vooraf sal moet begin beur. Hy weier egter om te gaan lê; sy selfrespek verbied hom om dit te doen. Die sosioloog weet dat hy met die onmoontlike besig is, maar sy demoon dryf hom om voort te gaan.

TWEDE STELLING

Die sosiologie is tegelyk 'n wetenskap en 'n kunsvorm (Die sosioloog sien homself tegelyk as 'n wetenskaplike en 'n kunstenaar)

Wetenskap

Die universiteit is 'n universum van geleerdheid wat 'n groot verskeidenheid van studiegebiede omvat. Dit het in ons Westerse kultuur met verloop van tyd

gebruiklik geword om hierdie studiegebiede in twee groepe te verdeel en die een groep die wetenskappe en die ander groep die kunste (of humaniora) te noem. Die eerste groep sluit die natuurwetenskappe (fisika, chemie, sterrekunde, ens), die lewenswetenskappe (biologie e.a.) en die menswetenskappe (sielkunde, ekonomie, antropologie, staatsleer, sosiologie en volgens sommige ook die geskiedenis) in. Die tweede groep omvat dissiplines soos die studie van tale, literatuur, drama, kuns en wysbegeerte (Almquist et al., 1978:4).

Die sosiologie het homself van die begin af as wetenskap beskou (Almquist et al., 1978: 4-12; Cilliers en Joubert, 1966: 1-18, Joubert, 1973: 25-42). Om te verstaan wat dit presies beteken, moet ons eers kyk wat die kenmerke van 'n wetenskap is.

Daar het sedert die opkoms van die moderne wetenskap in die sewentiende eeu 'n redelike konsensus onder geleerdes ontstaan oor wat die kenmerke van 'n (vak) wetenskap is. Die *eerste* kenmerk van 'n wetenskap is dat dit 'n spesifieke studieveld of studie-objek het. Elke wetenskap staan dus onder die verpligting om eers sy studieveld of studie-objek so noukeurig as wat moontlik is af te baken voordat hy erkenning as wetenskap kan kry. Die wetenskappe verskil in hierdie opsig nie wesenlik van die kunste (of humaniora) nie omdat die verskillende kunste ook elkeen hulle eie studieveld of studie-objek het. Wat die wetenskappe wel van die kunste onderskei — en dit is die *tweede* belangrike kenmerk van wetenskappe — is dat hulle 'n besondere "metode" het waarvolgens hulle werk. Om dus te verstaan wat 'n wetenskap van 'n kuns onderskei, is dit noodsaaklik om noukeurig te kyk na die werkswyse of metode van wetenskaplikes.

Wanneer 'n mens wetenskappe vanuit hierdie perspektief bekyk, val die volgende kenmerke dadelik op: Wetenskappe is empiries, teoreties, objektief, nie-normatief en kumulatief. Laat my dit kortliks toelig (Vgl. Cilliers en Joubert, 1966: 10-13; Johnson, 1966: 2).

- (i) 'n Wetenskap is empiries in die sin dat dit gebaseer is op sintuiglike waarneming. Dit gee slegs uitsprake oor verskynsels wat direk met die sintuie of indirek met behulp van tegniese hulpmiddels waargeneem en gemeet kan word. Sulke uitsprake moet ook sintuiglik geverifieer of getoets kan word. Uitsprake oor verskynsels wat nie empiries getoets kan word nie, kan daarom ook nooit aanspraak maak op wetenskaplikheid nie.
- (ii) Dit is teoreties in die sin dat dit probeer om ingewikkelde waarnemings in abstrakte proposisies vas te lê — proposisies wat logies met mekaar saamhang en kousale verbande tussen verskynsels aantoon. 'n Teorie is 'n sistematiese, logies geordende stel van proposisies wat 'n verskynsel verklaar.

- (iii) Dit is objektief in die sin dat dit bo die subjektiewe ingesteldhede van individue uitgaan. Die staan los van die vooroordele of belange van die ondersoeker of enige ander persoon. Objektiviteit word gewaarborg deurdat verskillende ondersoekers stellings of teorieë onafhanklik van mekaar kan toets.
- (iv) Dit is nie-normatief (nie-eties) in die sin dat die ondersoeker slegs beskryf wat is en nie voorskryf wat behoort te wees nie. Indien hy die laaste sou doen, sou sy persoonlike opvatting oor wat "goed" of "sleg" is ter sprake kom en sou die ondersoek sy objektiewe karakter verloor en dus onwetenskaplik word.
- (v) Dit is kumulatief: wetenskaplike teorieë word die een op die ander gebou; nuwe teorieë verfyn of brei ons kennis uit. Wetenskaplike kennis gaan dus nooit verlore nie, maar groei namate die wetenskap vorder.

Die sosiologie was van die begin af oortuig dat dit 'n wetenskap in die bogenoemde sin is. Die grondleggers van die moderne sosiologie het daarom alles in hulle vermoë gedoen om, *eerstens*, die studieveld of studie-objek van die sosiologie duidelik te omskryf en af te grens van dié van ander wetenskappe en, *tweedens*, sorg te dra en te demonstreer dat die sosiologie aan die voorgenoemde vyf kriteria van wetenskaplikheid beantwoord.

Sosioloë wat hulle ernstig met die afbakening van die studieveld of objek van die sosiologie en die formulering van die sosiologiese metode besig gehou het, was o.a. Comte, Durkheim, Weber, Lundberg, Schutz en, in die jongste tyd, ook etnometodoloë soos Garfinkel.

Die afbakening van die spesifieke studieveld of studie-objek van die sosiologie was nie 'n eenvoudige taak nie omdat daar ook ander dissiplines soos byvoorbeeld die sielkunde en die ekonomie is wat oënskynlik op dieselfde terrein as die sosiologie werksaam is, en sosioloë daarom baie duidelik moes aantoon hoe hulle studie-objek van dié van hierdie ander dissiplines verskil. Comte het wat hierdie saak betref, betreklik vaag gebly. Dit was Durkheim (1938) wat hier die eerste werklik betekenisvolle bydrae gelewer het deur daarop te wys dat sosiale verskynsels eiesoortig (*sui generis*) is en dus 'n studie op sigself noodsaak. Hy betoog dat psigologiese of biologiese verklaarings geen lig werp op sosiale verskynsels nie. Sosiale verskynsels kan alleen verklaar word in terme van "sosiale feite" soos wette, gebruike, bevolkingsdigtheid en religieuse praktyke. Die verskil tussen sosiale feite en psigologiese of biologiese feite is dat eersgenoemde onafhanklik van individue bestaan en 'n dwingende invloed uitoefen op individue se motiewe, begeertes en gedrag. Weber (1968) was minder positivisties in sy benadering en wys daarop dat innerlike toe-

stande soos begeertes en motiewe ook 'n invloed uitoefen op menslike gedrag en dus ook deel vorm van die studie-objek van die sosiologie. Hoewel hierdie twee sienings ten opsigte van die studie-objek van die sosiologie nog nooit met mekaar versoen is nie, het daar mettertyd tog 'n konsensus onder sosioloë ontstaan dat die sosiologie 'n eie studie-objek het wat wesenlik verskil van die studie-objekte van die ander menswetenskappe.

Hoewel die bogenoemde verskil in opvatting oor die studie-objek van die sosiologie verreikende implikasies het vir sosioloë se siening oor die metodologie van die sosiologie, is sosioloë dit in breë trekke tog met mekaar eens dat die metodologie van die sosiologie in wese beantwoord aan die voorgenoemde vyf kriteria en dat die sosiologie dus ook om dié rede as wetenskap bestempel kan word. Die feit dat sosioloë nie saamstem oor die presiese interpretasie van die genoemde vyf kriteria nie, doen niks af aan die feit dat hulle dit oor die algemeen sonder enige voorbehoud onderskryf nie. Die meeste sosioloë is van mening dat die sosiologie probeer om empiries gefundeerde teorieë te formuleer wat sosiale gedrag verklaar. Oor die nie-normatiewe karakter van sosiologiese uitsprake verskil hulle soms heftig van mekaar, maar daar is weinig sosioloë wat sou wou beweer dat die sosiologie 'n suiwer subjektiewe dissipline is. Ten slotte glo sosioloë ook dat hulle kennis kumulatief is en dat ons vandag meer omtrent sosiale gedrag weet as wat die grondleggers van die sosiologie geweet het.

Die verskil in opvatting oor die studie-objek van die sosiologie het, soos reeds gesê is, ook implikasies vir die siening van die sosiologiese metodologie. In hierdie verband het daar mettertyd twee duidelik onderskeibare opvattings uitgekristaliseer (Vgl. Almqvist et al., 1978: 4-12). Sosioloë soos Comte, Durkheim en Lundberg, wat sterk deur die positiwisme beïnvloed is, was van mening dat die metodologie van die sosiologie in wese dieselfde is as dié van die natuurwetenskappe — dat die sosiologie in der waarheid 'n natuurwetenskap is. Hulle het die natuurwetenskappe — in die besonder die fisika — as model geneem en die sosiologie daarop probeer skoei. Besondere nadruk is daarom gelê op sake soos objektiwiteit van waarneming, verifikasie van waarnemings en eksakte formulering van navorsingsresultate. Hierdie benadering speel nog steeds 'n baie belangrike rol in die kontemporêre sosiologie. 'n Ander tradisie wat van Weber via Schutz na die hedendaagse fenomenologiese sosiologie en etnometodologie lei, benadruk egter ook die aanwesigheid van 'n subjektiewe komponent in sosiologiese kennis, sonder om daarmee die oorspronklike ideaal van objektiwiteit prys te gee. Wat hulle nastreef, is 'n gemodifiseerde vorm van objektiwiteit wat hulle intersubjektiviteit noem. Hierdie laaste benadering voer ons tot 'n ander, ewe belangrike insig met betrekking tot die aard van die sosiologie.

Kunsvorm

Tot hiertoe het die klem geval op sosioloë se oortuiging dat die sosiologie 'n wetenskap is. Maar sensitiewe sosioloë is terselfdertyd ook vaagweg van iets ander bewus, naamlik dat die sosiologie nie net 'n wetenskap in die voorreemde sin is nie, maar terselfdertyd ook iets in gemeen het met die kunste (Vgl. Bierstedt, 1974: 309-321; Greeley, 1971: 223-225; Nisbet, 1962: 67-74; Redfield, 1948: 181-190). Om die sosiologie bloot as 'n wetenskap voor te stel, is om dit te verskraal en te verarm. Sosioloë wat volhou — en daar is baie van hulle — dat die sosiologie 'n eksakte wetenskap is wat suiwer in terme van die voorgenoemde vyf kriteria beoordeel moet word, het baie min insig in die ware karakter van hulle vak.

Die sosiologie is nie net 'n eksakte en empiriese wetenskap nie, maar ook 'n ambag, selfs 'n artistieke speelvorm. Wanneer 'n mens sien watter genot wiskundig ingestelde sosioloë — in die besonder baanontleders — put uit die elegansie van die statistiese modelle wat hulle ontwerp, ontkom jy nie aan die indruk nie dat die sosiologie méér is as net 'n rasioneel empiriese wetenskap. Elke sosioloog wat al 'n vraelys ontwerp het, weet ook dat dit meer verg as net formele kennis van die wetenskaplike metode. Dit is ook 'n ambag wat 'n groot mate van artistieke vaardigheid vereis en weinig met die reëls wat in wetenskaplike teksboeke uitgespel word, uit te waai het.

Wanneer 'n mens na die werk van kreatiewe sosioloë kyk, kom jy baie gou tot die besef dat hulle hul selde streng hou aan die wetenskaplike metode. Hulle begin byna nooit met duidelik geartikuleerde hipoteses en teorieë oor sosiale verskynsels nie. Hulle val meesal weg met een of meer kreatiewe idees wat, soos by kunstenaars, hulle oorsprong het in 'n vrugbare verbeelding. Hulle hipoteses en teorieë word dikwels eers geformuleer wanneer hulle gereed is om hulle idees vir ander op skrif te stel. Die werkwyse van die kreatiewe sosioloog kom baie ooreen met dié van die kunstenaar. Die kunstenaar knutsel oënskynlik sisteemloos met kleure, vorme en idees totdat hy dié kombinasie vind wat hom esteties bevredig. Die werkwyse van die kreatiewe sosioloog verskil in werklikheid nie so veel hiervan nie. Ook hý droom, spekulêr en speel met onverwerkte data, veranderlikes en modelle totdat hy op dié kombinasie afkom wat na sy mening die beste verklaring gee vir die sosiale verskynsel wat hy bestudeer. Hy laat hom nie in die eerste plek lei deur die wetenskaplike metode nie, maar deur sy voorvoelens, instinkte en selfs sy vooroordele. Hy knutsel met die data en idees tot sy beskikking totdat hy dit op 'n wyse gerangskik het wat hom esteties, intellektueel of selfs moreel bevredig. Die netjiese, logiese en sistematiese verslae wat hy hierna opstel, verrai op geen enkele wyse die denkprosesse wat dit voorafgegaan het nie. 'n Mens kry selfs die indruk dat sosioloë — maar dit geld ook vir die meeste ander wetenskaplikes — doelbewus daarop uit is om hulle werklike metode te verberg. Hulle móét ook

omdat hulle dit nie kan waag om teenoor hulle kollegas te erken hoe onwetenskaplik hulle te werk gegaan het nie!

Dit sou verkeerd wees om te dink dat dit net die minder bedrewe sosioloë is wat so te werk gaan. Die omgekeerde is meesal juis waar: dit is die kleinere geeste wat krampagtig vashou aan die voorskrifte van die wetenskaplike handboeke. Hulle resultate is egter, nieteenstaande hulle nougesetheid, onindrukwekkend. Redfield sê in dié verband: "The emphasis on formal method sometimes carries the social scientist into exercises in which something not very important is done very well" (Aangehaal deur Bierstedt, 1974: 314).

Die werklik betekenisvolle bydraes in die sosiologie kom dikwels op 'n baie onwetenskaplike wyse tot stand. 'n Vlugtige blik na enkele van hierdie bydraes sal dié stelling illustreer. 'n Mens moet baie naïef wees om te dink dat die sleutelgedagtes in Durkheim (1952) se klassieke werk oor selfmoord die resultaat was van 'n sistematiese studie van die lewensregisters van Europa. Sy sleutelidees was eerder die produk van 'n vrugbare sosiologiese verbeelding as van sistematiese wetenskaplike ondersoek. Dieselfde geld ook met betrekking tot Weber (1920-21) se studie oor die verband tussen die Protestantse etiek en die gees van die Kapitalisme. Ook hy het uitgegaan van 'n bepaalde intuïsie en daarná gaan kyk hoe hy dit kan rym met die beskikbare data. Die rol wat intuïsie speel in die vorming van wetenskaplike teorieë, kom selfs nog duideliker tot uiting in die werk van Simmel (1908). In sy studies is die werkwyse van die wetenskaplike onlosmaaklik verstrengel met dié van die essayis of kunstenaar. Sy beskrywings van die vreemdeling, die koket of die diade lewer onteenseglik bewys hiervan. ('n Mens wonder soms watter ontvangs Durkheim, Weber of Simmel vandag by sommige van ons sosiologiesedepartemente sou kry indien hulle hul meesterwerke sou voorlê as doktorsale proefskrifte!)

Wat ek met die voorgaande opmerkings wou aantoon, is nie dat die sosiologie nie 'n wetenskap is nie. Die sosiologie is ongetwyfeld 'n wetenskap in eie reg, net soos die fisika en biologie dit in eie reg is. Wat ek wel wou aantoon, is dat die sosiologie en die sosioloog — en dit geld myns insiens ook vir die fisika, biologie, ens. en hulle beoefenaars — nie sonder 'n goeie stuk artistieke kreatiwiteit klaar kan kom nie.

DERDE STELLING

Die sosiologie is tegelyk 'n vorm van tegnologie en 'n terapie (Die sosioloog sien homself tegelyk as 'n tegnoloog en 'n terapeut)

Tegnologie

Een van die opvallendste kenmerke van ons moderne beskawing is die noue

bondgenootskap wat daar bestaan tussen wetenskap en tegnologie, tussen suiwer kennis en die toepassing van hierdie kennis (Habermas, 1968: 48-104). Dit was nie altyd so nie. Hoewel die mens nog altyd tegeluk *homo sapiens* (denkende mens) en *homo faber* (skepper van werktuie) was, was die premoderne mens nie besig om voortdurend te vra hoe nuttig of bruikbaar teoreties-wetenskaplike insigte is nie. Die wetenskap en tegnologie het in premoderne tye gevolglik ook betreklik onafhanklik van mekaar ontwikkel. Wetenskaplikes (neem byvoorbeeld Griekse geleerdes soos Plato en Aristoteles) was nie baie geïnteresseerd in die toepasbaarheid of praktiese nut van hulle kennis nie. Omgekeerd was die mense wat tegnologiese uitvindings gedoen het meesal praktiese knutselaars met baie min teoreties-wetenskaplike kennis.

Dié situasie het na die aanvang van die Industriële Rewolusie egter drasties begin verander. Die wetenskap en tegnologie het al nader aan mekaar begin beweeg en ten slotte teen die begin van die twintigste eeu in 'n soort simbiotiese verhouding tot mekaar te staan gekom. Hulle het volkome met mekaar vergroei; die een het ondenkbaar geword sonder die ander. Edison was waarskynlik een van die laaste knutselaars wat sonder enige basiese wetenskaplike opleiding lang reekse wetenskaplike uitvindings gemaak het. Waar die ou Grieke die klem op suiwer wetenskaplike kennis gelê het en weinig aandag geskenk het aan die toepassing daarvan, doen ons vandag die omgekeerde. Op suiwer wetenskaplike kennis word in ons tyd 'n bietjie neergekyk. Wat vandag in aanvraag is, is nuttige, bruikbare kennis. Die tegnologie span wetenskaplikes in om sulke kennis te voorsien. Vir die suiwer navorser wat kennis ter wille van kennis nastreef, is daar vandag byna geen heenkome nie. Die laaste loopgrawe waaruit hierdie idealiste veg, is die universiteite en 'n paar ander instellings vir suiwer wetenskaplike navorsing, maar dit skyn asof hulle 'n verlore stryd stry. Vir die moderne mens het die wetenskap en tegnologie één en dieselfde ding geword. Wetenskaplikes word in diens geneem om praktiese probleme op te los en bruikbare kennis te produseer.

Die moderne sosiologie wat, soos ons almal weet, sy oorsprong in die eerste helfte van die negentiende eeu gehad het, het net soos die meeste ander wetenskappe in die ban van die voorgenoemde tendens gekom. Sosioloë het van die begin af geglo dat hulle kennis ook praktiese nut het en dikwels ook probeer uitspel hoe dit in konkrete situasies gebruik kan word. Hulle het hulleself nie bloot as suiwer wetenskaplikes, as versamelaars van esoteriese (en dus onbruikbare) kennis, beskou nie, maar as sosiale tegnoloë (Almquist et al., 1978:14-19; Mills, 1970: 87-112; Popper, 1970: 58-63). 'n Mens hoef in hierdie verband nie lank na voorbeelde te soek nie. Comte, die grondlegger van die vak, was daarvan oortuig dat die sosiologie 'n praktiese dissipline is wat daartoe kon bydra om die lewensomstandighede van mense te verbeter. Die sosiologie moes volgens hom daartoe meehelp om 'n nuwe samelewing te skep

waarin mense nie meer onder die dwinglandy van bygeloof en tradisie sou staan nie, maar bewus hulle eie toekoms sou beplan. Die sosioloog sou volgens hom as sosiale tegnoloog 'n leidende rol in dié samelewing speel. (Plato het eeue voor hom dieselfde idees verkondig.) Marx het soortgelyke ideale as Comte gekoester, hoewel hy dit nie uitdruklik in die naam van die sosiologie verkondig het nie. Vir hom was dit die kommunistiese kader — daardie deel van die intelligentsia wat 'n wetenskaplike studie van die geskiedenis gemaak het — wat die rol van sosiale tegnoloë sou vervul. Comte en Marx se opvolgers was meer beskeie en ook minder eksplisiet in hulle uitsprake, maar hulle het die idee van 'n sosiale tegnologie nie laat vaar nie. Durkheim en Weber was minder uitgesproke kampvegters vir spesifieke sosiale modelle, maar albei was ten nouste betrokke by die sosiale en politieke probleme van die negentiende eeu en was ewe oortuig dat sosiologiese kennis kon help om hierdie probleme op te los. Durkheim het alleen getwyfel of die sosiologie oor voldoende kennis beskik wat as basis vir sosiale en politieke beleid kan dien. Weber weer, was daarteen gekant dat die sosioloog as sosioloog hom met die praktiese politiek moes bemoei. In die Engel-Saksiese wêreld het hierdie gedagte dat sosiologie ook 'n praktiese funksie het, eweneens sterk wortel geskiet. Teenoor Sumner, wat in navolging van Spencer ten sterkste gekant was teen enige vorm van sosiale tegnologie, staan Ward wat in sy sistematiese sosiologie uitdruklik onderskeid maak tussen suiwer en toegepaste sosiologie. Die gedagte van toegepaste sosiologie (en sosiale tegnologie) het veral in Amerika sterk opgang gemaak. Die gevolg was dat die sosiologie hom geleidelik begin sien het as 'n vorm van tegnologie en nie bloot as 'n akademiese dissipline nie. Hierdie opvatting het mettertyd ook in Europa begin inslaan. Tönnies onderskei ook 'n vertakking van die sosiologie wat hy toegepaste (*aangewandte*) sosiologie noem. Die sterkste formulering van die siening dat die sosiologie ook 'n vorm van tegnologie is, vind ons by Popper (1972: 42-45; 58-70). Hy praat van 'n tegnologiese benadering tot sosiologie en spreek hom uit ten gunste van dit wat hy "sosiale ingenieurswese" noem. Hy tref in dié verband 'n skerp onderskeid tussen wat hy noem "piecemeal social engineering" en "utopian social engineering". Die eersgenoemde tipe ingenieurswese is 'n beskeie vorm van sosiale tegnologie: dit beweeg stap vir stap, van konkrete probleem tot konkrete probleem, en probeer die samelewing dus op 'n geleidelike wyse reconstrueer. Die tweede tipe sosiale ingenieurswese is volgens hom onrealisties en gevaarlik omdat dit die hele samelewing ineens wil verander — wat vanselfsprekend nie net onmoontlik is nie maar ook baie riskant omdat die gevolge van sulke drastiese handeling nie voorsien kan word nie. Popper skryf: "Just as the main task of the physical engineer is to design machines and to remodel and service them, the task of the piecemeal social engineer is to design social institutions, and to reconstruct and run those already in existence" (1972: 64-65).

Wanneer ons kyk na die rol wat die sosiologie in die kontemporêre wêreld

speel, blyk dit gou dat die sosiologie homself nie bloot net *sien* as 'n dissipline wat ook praktiese toepassings het nie, maar dat dit ook in baie opsigte 'n praktiese, toegepaste dissipline *geword* het. Sosioloë lewer vandag op verskillende terreine en op verskillende wyses bydraes as sosiale tegnoloë (Vgl. Cilliers en Joubert, 1966: 16-17; Gelfand, 1975: 13-18; Horton en Hunt, 1980: 29-35; Popenoe, 1980: 19-21; Street en Weinstein, 1975: 65-72):

- (i) Argitekte en stads/streeksbeplanners roep vandag gereeld die hulp van sosioloë in om hulle behulpsaam te wees met die sosiale aspekte van beplanning.
- (ii) Sosioloë word soms ook ingeroep om sekere sosiale planne/skemas deur te voer of te implementeer. Party planne of skemas misluk omdat dit in stryd is met die waardes/norme van die gemeenskap. Sosioloë lewer hier nuttige diens deur advies te gee oor die wenslikheid al dan nie van sulke projekte.
- (iii) Sosiologiese kundighede soos opnametegniese, tegniese van sisteemanalise, ensovoorts is ook sterk in aanvraag.

Hierdie toenemend tegnologiese karakter wat die sosiologie begin kry het, vervul baie sosioloë vandag met onrus. Die rede hiervoor is dat sosioloë al meer betrokke raak by aktiwiteite waar ander mense gemanipuleer en beheer word. Tegnologie impliseer manipulasie en beheer. Die tegnologie gee mense nie net mag oor die natuur nie, maar ook oor ander mense. Dit was veral die lede van die Frankfurtskool en kritiese sosioloë soos Mills wat begin wys het op die werklike implikasies van sosiale tegnologie (Marcuse, 1968; Habermas, 1968; Mills, 1970). Maar 'n mens sou nog verder terug kan gaan. Weber was reeds veronrus oor die toenemende rasionaliseringstendens in die moderne wetenskap en tegniek. Marcuse (1968: 120-138) en Habermas (1968: 48-120) brei verder hierop uit deur daarop te wys dat die wesenskenmerk van die moderne tegnologie oorheersing van of kontrole oor die natuur en ook die mens is. Hulle onderskei twee soorte rasionaliteite: die kritiese, bevrydende rede en die repressiewe, instrumentele rede. Die tegnologie is op die laaste gebaseer. Dit maak mense nie vry nie, maar verslaaf hulle; dit maak van hulle willose robotte — ironies genoeg soms selfs opgewekte robotte — wat slaafs reageer op die instruksies van hulle tegnokratiese heersers (Mills, 1970: 183-195).

Die tegnologie het in baie gevalle die instrument geword waarmee totalitêre of fascistiese heersers hulle onderdane in bedwang hou. Rasionaliteit en onderdrukking word só sinoniem; die rede emansipeer nie meer mense nie; dit maak van hulle willose robotte. Die massas word ontpolitiseer en na willekeur deur tegnokratiese heersers gemanipuleer (Vgl. Hoefnagels, 1973: 140-164). Die opkoms van hierdie soort menslike robotte is 'n deurlopende tema in die

moderne sosiologie. Dit is waaraan Marx (1964) dink wanneer hy praat van die "vervreemde mens", waaroor Simmel (1930) besorg is as hy die "metropolis" beskryf; dit is waarna Fromm (1941, 1942) verwys met sy "outomaton" en ook wat Riesman (1956) bedoel met sy "deur-ander-bepaalde" mens. Maar die beste beskrywings van hierdie soort outomate vind ons in die werk van literêre kunstenaars soos Huxley (1965) en Orwell (1954). Dit is ironies, maar nie toevallig nie, dat Big Brother in Orwell se werk 'n sosioloog is. Hy is die prototipe van die sosiale tegnoloog wat totale beheer oor ander mense verkry het en nie net hulle gedrag tot in die fynste detail manipuleer nie, maar selfs ook hulle gene bepaal.

Terapie

Hierdie beeld van die sosiologie as vorm van tegnologie staan in 'n skrilte kontras met 'n ander een, naamlik dié van die sosiologie as 'n soort bevrydende terapie (Vgl. Mills, 1970: 9-32; Manheim, 1973: 192-195). Horkheimer en Adorno (1969) verwys na die spanningsrelasie tussen die twee vorme van rasionaliteit waarna hierbo verwys is as die "dialektiek van die Aufklärung". Hierdie beeld van die sosiologie as bevrydende terapie is gebaseer op die tweede vorm van rasionaliteit, naamlik die kritiese, bevrydende rede. Hierdie opvatting dat die rede 'n kritiese en bevrydende funksie het, tref ons reeds by die ou Grieke aan, maar dit het veral sedert die Renaissance en die Aufklärung 'n belangrike rol in die Europese denke begin speel. Comte het die sosiologie aanvanklik ook gesien as 'n bevrydende mag, maar hierdie gedagte is geleidelik verdring deur dié van kontrole en beheersing. Die kritiese sosioloë, veral die lede van die Frankfurtskool, het die sosiologie egter opnuut daaraan herinner dat die rede ook bevrydend kan wees, dat die sosiologie ook as 'n soort terapie kan funksioneer. Terapie kan in hierdie verband 'n tweeledige betekenis hê, naamlik 'n terapie vir die individu sowel as 'n terapie vir die samelewing in sy geheel.

Individuele sosioloë het die deurbraak van die sosiologiese visioen nog altyd beleef as 'n bevrydende, genesende ervaring. Vir sommige het dit 'n verbrekking van die bande van bygeloof en tradisie beteken; vir ander het dit vergesigte geopen op die ryke verskeidenheid van waardes, norme en gedragspatrone in menslike samelewings. Vir almal het hierdie visioen 'n nuwe blik op mense en menslike samelewings gegee en die deur geopen na 'n nuwe, ryker lewe.

Die sosiologiese visioen kan egter ook gesien word as 'n terapie vir hele gemeenskappe. Dit laat die skille van mense se oë afval en lei hulle daartoe om hul samelewings te sien soos dit werklik is. Dit is wat Mills die "belofte" van die sosiologiese verbeelding noem. Comte was ook reeds oortuig dat die sosiologie antwoorde kan verskaf op vrae soos: Waar staan ons? Waarheen is ons op pad?, en so koers en rigting kan gee aan die hele gemeenskap.

Dit is nie net sosioloë wat die sosiologie as 'n soort terapie vir die samelewing beskou nie. Dit was die voornoemde "belofte" wat duisende jong (en soms ook nie meer so jonk nie) mense in die laat sestiger- en vroeë sewentigerjare na die sosiale wetenskappe, en, meer spesifiek die sosiologie, gelok het. Hulle was vaagweg bewus dat daar iets verkeerd is met die samelewings waarin hulle hul bevind. 'n Gevoel van vervreemding het by duisende jongmense posgevat. Mannheim (1973: 192) onderskei in dié verband tussen kognitiewe en sosiale vervreemding. Kognitief: baie jongmense het die gevoel begin kry dat die lewe sinloos geword het; die skokke van twee wêreldoorloë, van die Viëtnamkonflik en van rasseonluste het hulle geloof in die waardes en norme wat deur die ouer generasie aan hulle oorgelewer is, ondermyn en hulle geestelik ankerloos gelaat. Sosiaal: groot getalle jongmense het ook sosiaal geïsoleerd geraak deurdat hulle bande met die tradisionele verwysingsgroepe soos die gesin, die buurtgemeenskap, ensovoorts onstabiel begin word het in die onpersoonlike atmosfeer van die moderne grootstedelike milieu en hulle dus toenemend op hulself teruggewerp is. Hierdeur het hulle ook veel meer vatbaar geword vir manipulasie.

Baie jongmense het die hoop gekoester dat die sosiologie hulle in hierdie grys, onsekere wêreld sal help om weer koers en 'n nuwe identiteit te vind. Sosioloë het hierdie verwagting versterk deur die sosiologie voor te stel as 'n vorm van terapie. Ongelukkig kon die sosiologie nie sy belofte heeltemal waarmaak nie, met die gevolg dat baie van hierdie jongmense weer ontnugterd hulle rug op die vak gedraai het. Die sosioloog bly egter steeds glo dat die sosiologie, meer as enige ander dissipline, 'n bydrae kan lewer tot die totstandbrenging van 'n meer menslike wêreld — 'n wêreld waarin die een mens die ander nie sal manipuleer of isoleer nie, maar hom sal respekteer as 'n vrye individu met sekere basiese regte wat elke mens toekom. Die sosioloog droom nog altyd die droom van die Renaissance-mens: dat alle mense vry en in volle verantwoordelikheid self hulle lewens mag bepaal, los van alle dwang van bygeloof, tradisie of burokratiese outoriteite.

VIERDE STELLING

Die sosiologie is tegelyk 'n professie en 'n tydverdryf (Die sosioloog sien homself tegelyk as 'n professionele mens en iemand wat van sy beroep 'n tydverdryf gemaak het).

Professie

'n Opvallende verskynsel in die moderne beroepswêreld is die tendens by 'n toenemende aantal beroepe om te professionaliseer. Die verkryging van professionele status verskaf nie alleen meer prestige aan 'n beroep nie, maar bring, soos verder aan sal blyk, ook sekere beroepsvoordele mee. Profes-

sionaliteit is nie iets absoluuts nie: beroepe kan op 'n kontinuüm wat wissel van hoogs geprofessionaliseerde beroepe tot beroepe wat glad nie geprofessionaliseer is nie, gerangskik word. Dit is ook nie iets staties nie: beroepe kan met verloop van tyd meer of minder geprofessionaliseerd raak. Om vas te stel watter plek die sosiologie op die bogenoemde kontinuüm inneem, moet ons eers vlugtig kyk na die kenmerke van 'n volwaardige profesie.

Steyn (1973: 17-23) gee ons 'n bondige samevatting van die vernaamste kenmerke van 'n profesie. 'n Mens kan breedweg drie stelle kenmerke onderskei:

Eerstens: teoretiese onderbou en tegniese vaardighede. 'n Basiese kenmerk van 'n profesie is dat dit substantiewe teoretiese kennis vereis. Hoewel daar in elke beroep 'n sekere mate van teoretiese kennis veronderstel word, is die eise wat 'n profesie in dié verband stel, baie hoog. Die beoefenaar van 'n profesie beskik oor 'n groot hoeveelheid sistematiese, abstrak geformuleerde insigte wat moeilik toeganklik is vir mense wat nie tot die profesie behoort nie. Die beoefenaar van 'n profesie besit verder ook die vermoë om sy kennis prakties toe te pas, wat impliseer dat hy 'n aantal tegniese vaardighede het wat eie is aan sy profesie. Die vermoë om sekere tegniese handelingte te verrig, is nie uniek aan profesies nie; beoefenaars van nie-professionele beroepe kan in bepaalde gevalle selfs oor méér tegniese vaardighede beskik as sommige professionele mense. Die besondere in verband met professionele vaardighede is dat dié vaardighede nou geskakel is met die voorgenoemde teoretiese kennis. Die groot nadruk op teoretiese kennis en tegniese vaardighede bring mee dat die onderrig en opleiding vir 'n professionele persoon baie grondig is en meesal oor 'n hele aantal jare strek. Vanweë die nadruk op teoretiese kennis vind hierdie onderrig en opleiding in die reël aan universiteite, of in professionele skole wat aan universiteite verbonde is, plaas. Nou gekoppel met die voorgaande is ook die klem wat gelê word op navorsing. Voortdurende navorsing is nie net nodig om die teoretiese kennis van die professionele persoon uit te brei nie, maar ook om die tegniese vaardighede waaroor hy beskik, te verbeter.

Tweedens: oriëntasie van die beoefenaar tot die profesie. Een van die mees opvallende kenmerke van 'n professionele persoon is sy strewe om een of ander diens te lewer aan die gemeenskap. Hy strewe 'n altruïstiese ideaal na en is nie in die eerste plek geïnteresseerd in materiële gewin vir homself nie. Hierdie kenmerk van dienslewering is baie belangrik in elke profesie en dra by tot die hoë prestige van profesies. Die uiters gespesialiseerde kennis en vaardighede waaroor hy beskik, gee hom 'n groot mate van outoriteit oor die terrein waarop hy werksaam is. Hy het terselfdertyd egter ook die verpligting om die respek en agting wat ander mense vir hom het, waardig te bly. Die professionele persoon is verplig om streng etiese standaarde te handhaaf en die belange van sy kliënte op geen enkele wyse te skaad nie. Die meeste profes-

sies beskik daarom ook oor streng etiese kodes waarin duidelike riglyne neergelê is vir die gedrag van die lede van die professies in die algemeen en hulle optrede teenoor hulle kliënte in die besonder. Die diensoriëntasie van die professionele persoon het tot gevolg dat hy oor die algemeen 'n groter betrokkenheid by sy beroep het as lede van nie-geprofessionaliseerde beroepe. Sy beroep word sy lewe; die grens tussen werksure en ure van vrytydsbesteding vervaag. Hy verander ook selde van beroep, maar beklee sy gekose profesie tot hy die dag aftree. Die professionele persoon internaliseer mettertyd die waardes en norme van sy profesie. Hy word lid van 'n heg geïntegreerde groep wat 'n eie lewenstyl besit. Professies ontwikkel tot subkulture met simbole wat hulle onderskei van ander beroepe. Hierdie simbole sluit dinge in soos embleme, kleredrag en 'n vakjargon.

Derdens: struktuur en organisasie van 'n profesie. Professies ontwikkel met verloop van tyd ook bepaalde strukturele en organisatoriese kenmerke. 'n Profesie eis, om te begin, 'n monopolie en outonomie oor sy beroepsaktiwiteit. Die lede van die profesie dring daarop aan dat die gemeenskap hulle outoriteit binne hulle spesifieke beroepsveld erken en dat sekere magte en voorregte in dié verband aan hulle verleen word. Dit sluit dinge in soos die erkenning dat die lede van die profesie die enigste persone is wat oor die superieure kennis en vaardighede beskik wat in die bepaalde beroepsveld vereis word, asook die beheer oor die professionele aktiwiteite van die lede van die profesie. Laasgenoemde sluit die reg in om lede wat die professionele kode oortree, te straf deur hulle die reg te ontnem om voort te gaan met hulle beroepsaktiwiteite. Hierdie erkenning van die monopolie en outonomie van die profesie deur die gemeenskap kan informeel of formeel wees; wanneer dit formeel is, kry dit beslag in wetgewing. 'n Saak wat uit die voorgaande voortvloei, is dat 'n profesie meesal 'n professionele organisasie ontwikkel wat moet toesien dat die voormelde monopolie en outonomie van die profesie in die praktyk tot sy reg kom. So 'n organisasie word formeel deur die gemeenskap erken as gesagsinstansie wat beheer en toesig uitoefen oor die beroepsaktiwiteite van die lede van die profesie. Hierdie soort organisasies neem dikwels die vorm aan van statutêre rade (bv. die Mediese en Tandheelkundige Raad) maar dit kan ook onafhanklike rade wees (bv. die Balie).

Na hierdie kort samevatting van die kenmerke van 'n profesie moet ons probeer vasstel in watter mate die sosiologie reeds geprofessionaliseer is, dit wil sê die voormelde kenmerke vertoon.

Eerstens: teoretiese onderbou en tegniese vaardighede van die sosiologie. Die sosiologie het deur die jare ontwikkel tot 'n universeel erkende wetenskaplike dissipline met 'n duidelik afgebakende studieveld en 'n skat van substantiewe teoretiese insigte wat, danksy voortgesette navorsing, nog steeds uitbrei. Die beste bewys hiervan is dat daar vandag baie min universiteite in die wêreld te

vinde is waar die sosiologie nie as vak aangebied word nie. Hoewel daar soms nog neergekyk word op die gehalte en gesofistikeerdheid van sosiologiese teorieë, bestaan daar nie genoegsame redes om die sosiologie op hierdie punt sy professionele status te ontsê nie. Méér problematies egter, is die vraag of die sosiologie reeds oor voldoende tegniese vaardighede beskik om op professionele status aanspraak te maak. Daar moet volmondig erken word dat sosiologiese kennis nog nie dieselfde mate van toepassing gevind het as die kennis van volwaardige professies soos die mediese of regsberoep nie. Sosiologie was tot hiertoe nog 'n byna uitsluitlik teoretiese dissipline. Dit wil egter nie sê dat daar geen toepassingsvelde vir die sosiologie bestaan nie. Sosiologiese kennis is besonder ter sake op terreine soos massakommunikasie, nywerheidsverhoudinge, stads- en streeksbeplanning, ensovoorts. Die toepassing van sosiologiese kennis op hierdie terreine en die verfyning van sosiologiese vaardighede is vandag besig om snel uit te brei, wat die sosiologie dus ook op hierdie punt die reg gee op professionele status.

Tweedens: oriëntasie van sosioloë tot die sosiologie. Hoewel sosioloë vir baie jare in die ivoortoring van die teorie geskuld het en min daarin belang gestel het om hulle kennis prakties toe te pas en daarmee hulleself diensbaar te maak in die samelewing, het sake in die laaste twee dekades drasties verander. Dit blyk nie net uit die toenemende belangstelling onder sosioloë in "sosiale tegnologie" nie, maar ook uit die maatskappykritiek van die sogenaamde kritiese sosioloë by wie ons 'n ernstige besorgdheid oor die welsyn van mense in ons moderne samelewing aantref.

Hoewel sosioloë nog geensins 'n heg geïntegreerde groep met 'n eie subkultuur vorm nie, is daar tog ook tekens dat sake in dié rigting ontwikkel. Die Amerikaanse Sosiologiese Vereniging beskik reeds oor 'n kode wat as riglyn dien vir die professionele optrede van sosioloë. Namate sosioloë hulle meer aan hierdie riglyne begin hou, sal hulle geleidelik ook nader aan mekaar beweeg en ten slotte waarskynlik ook 'n eie subkultuur vorm. Om saam te vat, kan 'n mens dus sê dat sosioloë, óók wat hulle oriëntering tot hulle beroep betref, op 'n mate van professionaliteit aanspraak kan maak.

Derdens: struktuur en organisasie van die sosiologie. Hoewel baie sosioloë lank reeds die begeerte koester om 'n monopolie en outonomie in die uitoefening van hulle beroepsaktiwiteite te verkry, het daar tot hiertoe nog niks van tereg gekom nie. Die sosioloog was in die verlede hoogstens in 'n ondersteunende of adviserende hoedanigheid betrokke by die implementering van sy kennis. Die inisiatief om sosiaal-wetenskaplike kennis toe te pas, het meesal van ander beroepe soos byvoorbeeld maatskaplike werk uitgegaan. Daar bestaan egter geen enkele rede waarom die sosiologie nie ook eendag net soos maatskaplike werk of sielkunde formele erkenning kan kry en binne die raamwerk van 'n beroepsraad volledige outonomie en beheer oor sy beroeps-

aktiwiteite kan uitoefen nie. Die feit dat sake tans nog nie sover gevorder het nie, beteken egter nie dat die sosioloog geen professionele erkenning kry nie. In sy rol as wetenskaplike met kennis wat praktiese nut vir die gemeenskap het, kry hy reeds in die interdisiplinêre projekte waarby hy betrokke raak erkenning vir die besondere kennis en vaardighede waaroor hy beskik.

Samevattend kan 'n mens dus sê dat die sosiologie reeds baie kenmerke van 'n profesie vertoon. Die proses van professionalisering van die sosiologie staan ongetwyfeld nog in sy kinderskoene, maar sosioloë — veral dié wat by universiteite en navorsingsinstellings werksaam is — beskou hulleself lank reeds as professionele mense.

Tydverdryf

Maar die sosiologie is méér as net 'n profesie; dit is ook 'n tydverdryf (Vgl. Stebbins, 1978: 239-247). Die toegewyde en besielde sosioloog vind dat die sosiologie vir hom mettertyd 'n aktiwiteit word wat hy ook in sy vrye tyd beoefen. As tydverdryf neem dit dan uiteraard nie die ernstige vorm aan wat dit in sy werksure aanneem nie. Hy wend hom dan tot meer informele waarnemingstegnieke, soos ons byvoorbeeld in die etnometodologie aantref. Hy word dan primêr 'n waarnemer van menslike groepsgedrag. Omdat die sosioloog intens in groepsgedrag geïnteresseerd is, kan hy nie nalaat om dit te alle tye en onder alle omstandighede te bestudeer nie.

Dit is veral wanneer hy hom in openbare plekke bevind, dat hy sy vak as tydverdryf/stokperdjie beoefen: wanneer hy op 'n Saterdagmôre 'n winkel-sentrum besoek, wanneer hy op 'n stasieperron of in die ontvangsaal van 'n lughawe staan en wag, of wanneer hy op 'n Saterdagmiddag op 'n pawiljoen na 'n rugbywedstryd sit en kyk. Dit sou absurd wees om te suggereer dat hy hierdie plekke besoek met die doel om menslike groepsgedrag te bestudeer; hy moet per slot van sake net soos alle ander mense ook van tyd tot tyd winkel-sentra, stasies en lughawens besoek en hy hou self dikwels ook van rugby. Maar sy sosiologiese instelling, die demoon in hom, dryf hom om hierdie geleenthede te benut om 'n studie van menslike groepsgedrag te maak.

Hierdie soort sosiologie is uiteraard nie die prerogatief van professionele sosioloë alleen nie. Hierdie soort waarnemers van menslike groepsgedrag tref ons in alle sektore van die samelewing aan. Uiteraard is die professionele sosioloog uit hoofde van sy skoling in formele waarnemingstegnieke beter toegerus vir hierdie soort waarneming, maar ons weet dat daar ook joernaliste, romanskrywers en allerlei ander soorte mense is wat nie een tree vir sosioloë in hierdie verband hoef terug te staan nie. Joernaliste munt dikwels uit as amateur- of vryetydsosioloe. Skrywers soos F. Dostojevski, Thomas Mann, Aldous Huxley en George Orwell het menslike gedrag primêr op hierdie wyse

bestudeer en werke voortgebring wat net so goed op die rak van die sosioloog tuishoort as op dié van die letterkundige.

Hierdie informele waarnemings kan, so sal die metodologiese puris sê, lei tot 'n popularisering van die sosiologie en 'n verlaging van navorsingstandaarde. Sulke puriste vergeet dan egter dat die amateurs in ander vakke dikwels die voetvolk van die vakmense was en uiters belangrike bydraes gelewer het tot die ontwikkeling van hierdie vakgebiede. Hierdie amateurs het hulleself selfs in amateurverenigings georganiseer. Stebbins noem in hierdie verband die belangrike wetenskaplike bydraes wat amateur-sterrekundiges, amateur-argeoloë, amateur-ornitoloë, amateur-entomoloë, amateur-mineraloë en amateur-historici tot hulle onderskeie vakgebiede gelewer het (Stebbins, 1978: 240).

Die amateur- (in teenstelling met die professionele) sosioloë het nog nooit die behoefte gehad om hulleself in amateurorganisasies te organiseer nie omdat hulle meesal goed by ander organisasies (soos joernalisteverenigings, kunsverenigings, ensovoorts) ingeskakel het. Die waardevolle bydraes wat hierdie mense gelewer het tot ons begrip van menslike groepsgedrag, kan egter nooit oor die hoof gesien word nie.

Riesman verwys in sy *Individualism Reconsidered* na 'n Britse organisasie van amateur- sosiale waarnemers (sosioloë) wat bekend gestaan het as "Mass Observation". Hierdie amateur-sosioloë is aangemoedig om verslae oor voorafbepaalde onderwerpe na 'n sentrale kantoor, wat deur sosiaal-wetenskaplikes beheer is, te stuur. Riesman spreek hom ten gunste van hierdie soort organisasie uit en wys op die nuttige werk wat dit kan verrig. Onderwerpe wat deur die genoemde Britse amateurs bestudeer is, was onder andere tipies Britse instellings soos die "pub", kerkgang, die kroningseremonie en die gebeure by stoeiwedstryde.

Stebbins (1978) sluit by hierdie opmerkings van Riesman aan en pleit dat daar gewerk moet word aan verenigings vir amateur-sosioloë wat studies soortgelyk aan die voorgenoemde organisasie kan onderneem. Die onderwerpe wat hulle kan bestudeer, is legio: openbare plekke bied by uitstek geleentheid vir dié soort studies. Hierdie mense kan ook ingespan word as veldwerkers om meer ernstige navorsing te onderneem.

Sulke amateur-sosioloë kan ook in Suid-Afrika waardevolle dienste lewer sover dit die studie van die sosiale probleme van die groot verskeidenheid van volksgemeenskappe in ons land betref. Hulle kan as lede van die verskillende gemeenskappe waarnemings maak wat die professionele sosioloog as buitestaander nooit sal kan doen nie. Die waarnemings van hierdie amateurs, indien behoorlik gesistematiseer en wetenskaplik gesif, kan ook van onskatbare

waarde wees vir beleidmakers en beplanners. Ook politici kan baie baat vind by die werk van sulke amateurs.

Ek gaan nou afsluit en vat kortliks saam wat ek tot hiertoe gesê het. Die sosiologie is vir die sosioloog – vir my – tegelyk 'n visioen en 'n hartstog, 'n wetenskap en 'n kunsvorm, 'n vorm van tegnologie en 'n terapie, 'n profesie en 'n tydverdryf. Vir sommige sal hierdie stelling miskien klink na 'n onmoontlike potpourri, 'n heksebrousel wat herinner aan vervloë tye toe geleerdes nog toegelaat het dat hulle verbeelding en emosies hulle rede op sleeptou neem. Mag ek diegene wat so dink dan net daaraan herinner dat die sosioloog ook 'n mens is en dat rede, emosie en verbeelding by hom net soos by alle ander mense op 'n vreemde, ondeursigtige wyse met mekaar verstrengel is. Die sosioloog se selfbeeld reflekteer maar net hierdie toedrag van sake.

Dit, meneer die Rektor, meneer die Dekaan, dames en here, was my sosiologiese credo. Ek hoop dat ek in die jare wat ek hierdie universiteit mag dien, altyd daaraan getrou sal bly en jongmense sal kan help om die sosiologie óók op hierdie wyse te sien en te beleef.

SYNOPSIS

The purpose of this inaugural lecture, entitled *The self-image of sociology – and sociologists*, is to focus attention on the image which sociologists have of their discipline and of themselves. Four premises which outline the salient characteristics of this self-image, are discussed. These premises, which also stress the ambivalence of the sociological self-image, are:

(1) **Sociology is both a vision and a passion:** On the one hand, the sociologist experiences sociology as a vision which enables him to see that:

- the personal destinies of individuals are closely linked with the historical and social conditions under which they live
- people are always playing roles and putting up facades in order to hide their true selves
- people's beliefs, values, norms and patterns of behaviour are determined more by the society to which they belong than by personal choice.

On the other hand, sociology is also experienced as a passion which has its roots in a sincere interest in human beings, a deep-felt longing for a more perfect society and an irresistible urge to change prevailing social conditions.

- (2) **Sociology is both a science and a form of art:** Sociologists have always regarded sociology as a science with a clearly defined field of study (viz. human social behaviour) and a methodology which resembles that of the natural sciences. But sociology is also seen as a form of art. No sociologist abides strictly by the scientific method. Although it is not reflected in his scientific treatises, the sociologist's intuition and imagination also play an important part in the construction of sociological theories.
- (3) **Sociology is both a form of technology and a kind of therapy:** Most sociologists tend to see themselves as technologists in search of practical applications for their theories. Human reason has two functions: a manipulative and a critical one. As a technologist, i.e. as a "social engineer" the sociologist uses his reason to influence human behaviour. But the sociologist also sees himself as a therapist, i.e. as someone who applies reason to free human beings from the bondage of social forces such as tradition, prejudice or bureaucracy.
- (4) **Sociology is both a profession and a pastime:** Sociology has not yet established the same professional standards that are normally associated with professions such as medicine or law, but in many respects it has already acquired professional status. The sociologist, however, also experiences sociology as a kind of pastime which he practices during his non-working hours. A case is made out for the recognition of amateur sociology as a very useful aid to professional sociology.

BRONNELYS

- Almquist, E.M. et al. 1978 *Sociology: Women, Men, and Society*. St. Paul et al.: West Publishing Company
- Berger, P.L. 1963 *Invitation to Sociology. A Humanistic perspective*. New York: Anchor Books
- Bierstedt, R. 1974 *Power and Progress. Essays in Sociological Theory*. New York: McGraw-Hill
- Camus, A. 1942 *Le Mythe de Sisyphe*. Paris: Gallimard
- Cilliers, S.P. & Joubert, D.D. 1966 *Sosiologie. 'n Sistematiese inleiding*. Stellenbosch: Kosmos-Uitgewery
- Durkheim, E. 1895 *Les Règles de la méthode sociologique*. Paris: Librairie Felix Alcan
- Durkheim, E. 1912 *Le Suicide*. Paris: Librairie Felix Alcan
- Fromm, E. 1941 *Escape from Freedom*. New York: Farrar & Reinhart
- Fromm, E. 1942 *The Fear of Freedom*. London: Kegan Paul
- Gelfand, D.E. 1975 The challenge of applied sociology. *The American Sociologist*, 10 (February) : 13-18
- Greeley, A.M. 1971 Sociology as an art form. *The American Sociologist*, 6 (August) : 223-225
- Habermas, J. 1968 *Technik und Wissenschaft als Ideologie*. Frankfurt a.M. : Suhrkamp Verlag
- Hoefnagels, H. 1973 *Kritische sociologie: Inleiding tot het sosiologisch denken der "Frankfurt Schule"*. Alphen aan den Rijn : Samson Uitgeverij
- Horkheimer, M. & Adorno, Th. W. 1969 *Dialektiek deur Aufklärung*. Frankfurt a.M. : Fisher

- Horton, P.B. & Hunt, C.L. 1980 *Sociology*. New York et al. : McGraw-Hill
- Huxley, A. 1965 *Brave New World and Brave New World Revisited*. New York: Harper & Row
- Johnson, H.M. 1966 *Sociology. A Systematic Introduction*. London: Routledge & Kegan Paul
- Joubert, D.D. 1966 *Sosiologies gesproke. Die aard van sosiologiese interpretasies*. Stellenbosch/Grahamstad: Universiteits-Uitgewers en -Boekhandelaars
- Manheim, E. 1973 The drif of alienated students to sociology. *The American Sociologist*, 8 (November) : 192-195
- Márcuse, H. 1968 *One Dimensional Man: The Ideology of Industrial Society*. London: Sphere Books
- Marx, K. 1964 *The frühschriften. Von 1837 bis zum Manifest der kommunistischen Partei 1848*. (Herausgegeben von S. Landshut). Stuttgart: Alfred Kröner Verlag
- Mills, C. Wright 1970 *The Sociological Imagination*. Harmondsworth: Pelican Books
- Nisbet, R.A. 1962 Sociology as an art form. *The Pacific Sociological Review*, 5(2) : 67-74
- Orwell, G. 1954 *Nineteen eighty four*. Harmondsworth: Penguin Books
- Popenoe, D. 1980 *Sociology*. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall
- Redfield, R. 1948 The art of social science. *The American Journal of Sociology*, 54(3): 181-190
- Riesman, D. 1954 *Individualism Reconsidered*. Garden City, N.Y.: Doubleday
- Riesman, D. 1956 *The Lonely Crowd. A Study of the Changing American Character*. New York: Doubleday Anchor Books

- Simmel, G. 1908 *Soziologie: Untersuchungen über die Formen der Vergesellschaftung*. Berlin: Duncker & Humblot
- Simmel, G. 1930 *Philosophie des Geldes*. München: Duncker & Humblot
- Stebbins, R.A. 1978 Toward amateur sociology: A proposal for the profession. *The American Sociologist*, 13 (November) : 239-247
- Steyn, A.F. 1973 Die professionaliseerbaarheid van die sosiologie. *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie*, 6 (April) : 14-39
- Street, D.P. & Weinstein, E.A. 1975 Problems and prospects of applied sociology. *The American Sociologist*, 10 (May) : 65-72
- Voltaire 1959 *Candide, Micromegas, Jeanot et Colin*. Paris: Librairie Gründ (La Bibliothéque Precieuse)
- Weber, M. 1920-21 *Gesammelte Aufsätze zur Religionsoziologie* (e Bde.). Tübingen: J.C.B. Mohr (Paul Siebeck) (Die Protestantische Ethik und der Geist des Kapitalismus Bd. 1)
- Weber, M. 1968 *Gesammelte Aufsätze zur Wissenschaftslehre*. Tübingen: J.C.B. Mohr (Paul Siebeck) (Wissenschaft als Beruf, 582-613)

- 1 "Gids by die voorbereiding van wetenskaplike geskrifte — Dr P C Coetzee
- 2 "Die Aard en Wese van Sielkundige Pedagogiek" — Prof B F Nel
- 3 "Die Toenemende belangrikheid van Afrika" — Adv E H Louw
- 4 "Op die Drumpel van die Atoomeeu" — Prof J H v d Merwe
- 5 "Livestock Philosophy" — Prof J C Bonsma
- 6 "The Interaction Between Environment and Heredity" — Prof J C Bonsma
- 7 "Verrigtinge van die eerste kongres van die Suid-Afrikaanse Genetiese Vereniging — Julie 1958
- 8 "Aspekte van die Prysbeheersingspolitiek in Suid-Afrika na 1948" — Prof H J J Reynders
- 9 "Suiwelbereiding as Studieveld" — Prof S H Lombard
- 10 "Die toepassing van fisiologie by die bestryding van Insekte" — Prof J J Matthee
- 11 "The Problem of Methaemoglobinaemia in man with special reference to poisoning with nitrates and nitrites in infants and children" — Prof D G Steyn
- 12 "The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex. Part I" — Dr C J Liebenberg
- 13 "The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex. Part II. The Different Rock Types" — Dr C J Liebenberg
- 14 "Protective action of Fluorine on Teeth" — Prof D G Steyn
- 15 "A Comparison between the Petrography of South African and some other Palaeozoic Coals" — Dr C P Snyman
- 16 "Kleinveekunde as vakrigting aan die Universiteit van Pretoria" — Prof D M Joubert
- 17 "Die Bestryding van Plantsiektes" — Prof P M le Roux
- 18 "Kernenergie in Suid-Afrika" — Prof A J A Roux
- 19 "Die soek na Kriteria" — Prof A P Grové
- 20 "Die Bantoetaalkunde as beskrywende Taalwetenskap" — Prof E B van Wyk
- 21 "Die Statistiese prosedure: teorie en praktyk" — Prof D J Stoker
- 22 "Die ontstaan, ontwikkeling en wese van Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie" — Prof P C Snijman
- 23 "Freedom — What for" — K A Schrecker
- 24 "Once more — Fluoridation" — Prof D G Steyn
- 25 "Die Ken- en Werkwêreld van die Biblioteekkunde" — Prof P C Coetzee
- 26 "Instrumente en Kriteria van die Ekonomiese Politiek n.a.v. Enkele Ondervindinge van die Europese Ekonomiese Gemeenskap" — Prof J A Lombard
- 27 "The Trace Elements of the Rocks of the Alkali Complex at Spitskop, Sekukuniland, Eastern Transvaal" — Dr C J Liebenberg
- 28 "Die Inligtingsprobleem" — Prof C M Kruger
- 29 "Second Memorandum on the Artificial Fluoridation of Drinking Water Supplies" — Prof D G Steyn
- 30 "Konstituering in Teoreties-Didaktiese Perspektief" — Prof F van der Stoep
- 31 "Die Akteur en sy Rol in sy Gemeenskap" — Prof Anna S Pohl
- 32 "The Urbanization of the Bantu Homelands of the Transvaal" — Dr D Page
- 33 "Die Ontwikkeling van Publieke Administrasie as Studievak en as Profesie" — Prof J J N Cloete
- 34 "Duitse Letterkunde as Studievak aan die Universiteit" — Prof J A E Leue
- 35 "Analitiese Chemie" — Prof C J Liebenberg
- 36 "Die Aktualiteitsbeginsel in die Geologiese navorsing" — Prof D J L Visser
- 37 "Moses by die Brandende Braambos" — Prof A H van Zyl
- 38 "A Qualitative Study of the Nodulation Ability of Legume Species: List 1" — Prof N Grobelaar, M C van Beyma en C M Todd
- 39 "Die Messias in die saligsprekings" — Prof S P J J van Rensburg
- 40 Samevattinge van Proefskrifte en Verhandeling 1963/64
- 41 "Universiteit en Musiek" — Prof J P Malan
- 42 "Die Studie van die Letterkunde in die Bantoetaal" — Prof P S Groenewald
- 43 Samevattinge van Proefskrifte en Verhandeling 1964/1965

- 44 "Die Drama as Siening en Weergawe van die Lewe" — Prof G Cronjé
- 45 "Die Verbuode Grond in Suid-Afrika" — Prof D G Haylett
- 46 "'n Suid-Afrikaanse Verplegingscredo" — Prof Charlotte Searle
- 47 Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1965/1966
- 48 "Op soek na Pedagogiese Kriteria" — Prof W A Landman
- 49 "Die Romeins-Hollandse Reg in oënskou" — Prof D F Mostert
- 50 Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1966/1967
- 51 "Inorganic Fluoride as the cause, and in the prevention and treatment, of disease" — Prof Douw G Steyn
- 52 "Honey as a food and in the prevention and treatment of disease" — Prof D G Steyn
- 53 "A check list of the vascular plants of the Kruger National Park" — Prof H P van der Schijff
- 54 "Aspects of Personnel Management" — Prof F W Marx
- 55 Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1967/1968
- 56 "Sport in Perspektief" — Prof J L Botha
- 57 "Die Huidige Stand van die Gereformeerde Teologie in Nederland en ons Verantwoordelikheid" — Prof J A Heyns
- 58 "Onkruid en hul beheer met klem op chemiese beheer in Suid-Afrika" — Prof P C Nel
- 59 "Die Verhoudingstrukture van die Pedagogiese Situasië in Psigopedagogiese Perspektief" — Prof M C H Sonnekus
- 60 "Kristalhelder Water" — Prof F A van Duuren
- 61 "Arnold Theiler (1867-1936) — His Life and Times" — Dr Gertrud Theiler
- 62 "Dr Hans Merensky — Mens en Voorbeeld" — Prof P R Skawran
- 63 "Geskiedenis as Universiteitsvak in Verhouding tot ander Vakgebiede" — Prof F J du Toit Spies
- 64 "Die Magistergraadstudie in Geneeskundige Praktyk (M Prax Med) van die Universiteit van Pretoria" — Prof H P Botha
- 65 Samevatting van Proefskrifte/Verhandeling 1968/1969
- 66 "Kunskritiek" — Prof F G E Nilant
- 67 "Anatomie — 'n Ontleding" — Prof D P Knobel
- 68 "Die Probleem van Vergelyking en Evaluering in die Pedagogiek" — Prof F J Potgieter
- 69 "Die Eenheid van die Wetenskappe" — Prof P S Dreyer
- 70 "Aspekte van die sportfisiologie en die Sportwetenskap" — Dr G W v d Merwe
- 71 "Die rol van die Fisiologiese Wetenskappe as deel van die Veterinêre Leerplan" — Prof W L Jenkins
- 72 "Die rol en toekoms van Weidingkunde in Suid-Afrikaanse Ekosisteme" — Prof J O Grunow
- 73 "Some Problems of Space and Time" — Mnr K A Schrecker
- 74 "Die Boek Prediker — 'n Smartkreet om die Gevalle Mens" — Prof J P Oberholzer
- 75 Titels van Proefskrifte en Verhandeling ingedien gedurende 1969/1970; 1970/1971 en 1971/1972
- 76 "Die Akademiese Jeug is vir die Sielkunde meer as net 'n Akademiese Onderwerp" — Prof D J Swiegers
- 77 "'n Homiletiese Herwaardering van die Prediking vanuit die Gesigshoek van die Koninkryk" — Prof J J de Klerk
- 78 "Analise en Klassifikasie in die Vakdidaktiek" — Prof C J van Dyk
- 79 "Bantoereg: 'n Vakwetenskaplike Terreinverkenning" — Prof J M T Labuschagne
- 80 Dosentekursus 1973 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 30 Jan — 9 Feb 1973
- 81 "Volkekunde en Ontwikkeling" — Prof R D Coertze
- 82 "Opleiding in Personeelbestuur in Suid-Afrika" — Prof F W Marx
- 83 "Bakensyfers vir diereproduksies" — Prof D R Osterhoff
- 84 "Die Ontwikkeling van die Geregtelike Geneeskunde" — Prof J Studer
- 85 "Die Liggaamlike Opvoedkunde: Geesteswetenskap?" — Prof J L Botha
- 86 Dosentekursus: 1974 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 4-7 Feb 1974

- 87 "Die opleiding van die mediese student in Huisartskunde aan die Universiteit van Pretoria" — Prof H P Botha
- 88 "Opleiding in bedryfseksonomie in die huidige tydvak" — Prof F W Marx
- 89 "Swart arbeidsregtelike verhoudings, quo vadis?" — Prof S R van Jaarsveld
- 90 "The Clinical Psychologist: Training in South Africa." A resport on a three-day invitation conference: 11-13 April 1973
- 91 "Studie van die Letterkunde in die Taalonderrig" — Prof L Peeters
- 92 "Gedagtes rondom 'n Kontemporêre Kerkgeskiedenis — met besondere verwysing na die Nederduits Gereformeerde Kerk" — Prof P B van der Walt
- 93 "Die funksionele anatomie van die herkouermaag — vorm is gekristaliseerde funksie" — Prof J M W le Roux
- 94 Dosentekursus 1975 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 27 Januarie — 6 Februarie 1975
- 95 "'n Nuwe benadering tot die bepaling van die koopsom in die geval van 'n oorname" — Prof G van N Viljoen
- 96 "Enkele aspekte in verband met die opleiding van veekundiges" — Prof G N Louw
- 97 "Die Soogdiernavorsingsinstituut 1966-1975"
- 98 "Prostetika: 'n doelgerigte benadering" — Prof P J Potgieter
- 99 "Inligtingsbestuur" — Prof C W I Pistorius
- 100 "Is die bewaring van ons erfenis ekonomies te regverdig"? — Dr Anton Rupert
- 101 "Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie — Verlede, Hede en Toekoms" — Prof J G Duvenage
- 102 "Keel-, Neus- en Oorheekunde — Hede en Toekoms" — Prof H Hamersma
- 103 Dosentesimposia 1975
- 104 "Die Taak van die Verpleegonderwys" — Prof W J Kotzé
- 105 "Quo Vadis, Waterboukunde?" — Prof J P Kriel
- 106 "Geregte Geneeskunde: Die Multidissiplinêre Benadering" — Prof J D Loubser
- 107 "Huishoudkunde — Waarheen?" — Prof E Boshoff
- 108 Dosentekursus 1976 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 29 Januarie — 4 Februarie 1976
- 109 Tweede H F Verwoerd-gedenklesing gehou deur die Eerste Minister Sy Edele B J Vorster
- 110 Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1972/73; 1973/74 en 1974/75 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1975
- 111 "Ortodonsie — 'n Oorsig en waardebeplanning" — Prof S T Zietsman
- 112 "Rede gelewer by die Ingebruikneming van die Nuwe Kompleks vir die Tuberkulosenavorsingseenheid van die MNR" — Prof H W Snyman
- 113 "Die gebruik van Proefdiere in Biomediese Navorsing, met spesiale verwysing na Eksperimentele Chirurgie" — Prof D G Steyn
- 114 "Die Toekoms van die Mynboubedryf in Suid-Afrika" — Prof F Q P Leiding
- 115 "Van Krag tot Krag" — Dr Anton Rupert
- 116 "Carnot, Adieu!" — Prof J P Botha
- 117 "'n Departement van Hematologie — Mode of Noodsaak" — Prof K Stevens
- 118 "Farmaka en Farmakologie: Verlede, Hede en Toekoms" — Prof De K Sommers
- 119 "Opleiding in elektrotegniese Ingenieurswese — Deurbraak of Dwaling?" — Prof L van Biljon
- 120 "Die Röntgendiagnostiek voor 'n Nuwe Uitdaging — die Toegepaste Fisiologie" — Prof J M van Niekerk
- 121 "Die Algemene sisteemteorie as Uitgangspunt by die Beplanning van 'n Basiese Biblioteek- en Inligtingkundige Opleidingsprogram" — Prof M C Boshoff
- 122 Dosentekursus: 1977
- 123 "Hulpverlening aan kinders met leerprobleme" — Prof P A van Niekerk
- 124 "Tuinboukunde Quo Vadis" — Prof L C Holtzhausen
- 125 "Die plek en toekomstaak van 'n Departement Huisartskunde in 'n Fakulteit van Geneeskunde" — Prof A P D van den Berg

- 126 Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1975/76 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1976
- 127 "Landbouvoorligting by die kruispad — Uitdagings vir Agrariese Voorligting as Universiteits-departement" — Prof G H Düvel
- 128 "Die ontplooiing van Rekenaarwetenskap as 'n funksie van evolusie op Rekenaargebied" — Prof R J van den Heever
- 129 "Die rol van navorsing in die opleiding en ontwikkeling van die akademiese chirurg" — Prof C J Mieny
- 130 "Sport and somatology in Ischaemic Heart Disease" — Prof P J Smit
- 131 Dosentekursus 1978
- 132 "'n Beter Toekoms — Dr Anton Rupert
- 133 Toespraak gelewer by geleentheid van die Lentepromosieplegtigheid van die Universiteit van Pretoria op 8 September 1978 — Mnr J A Stegmann, Besturende Direkteur van Sasol
- 134 "Geologie in 'n toekoms van Beperkte Hulpbronne" — Prof G von Gruenewaldt
- 135 Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1976/77 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1977
- 136 "Die Kind met Spesifieke Leergestremdhede" — Proff P A van Niekerk en M C H Sonnekus
- 137 "Sensore en Tensore" — Prof N Maree
- 138 "Die Godsdienwetenskappe en die Teologie" — Prof P J van der Merwe
- 139 "Dierefisiologiese navorsing aan die Universiteit van Pretoria (1928-1978) — Prof J F W Grosskopf
- 140 Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1977/78 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1978
- 141 "Behoeftebepaling en doelformulering in die Opvoeding, Onderwys en Opleiding" — Prof F. J. Potgieter
- 142 "Klein sake is 'Grootsake'" — Dr Anton Rupert
- 143 "Die Pad Vorentoe" — Prof W E G Louw
- 144 Referate gelewer tydens die jubileumjaarrviering — Prof P S Dreyer
- 145 "Die gebruikmaking van Kies-en-keur en invulraestelle" — lesing gelewer tydens 'n kursus vir dosente op 19 en 20 April 1979 en 22 en 23 Oktober 1979
- 146 "Survey of Disease Patterns in Transkei and the Ciskei" — E Rose, W G Daynes and P J Kloppers
- 147 "Die Ortopedagogiek as Praktykgerigte Pedagogiek perspektief" — Prof P A van Niekerk
- 148 "Die rol van Kernkrag gesien teen die agtergrond van die energietekort in die wêreld" — Dr A J A Roux
- 149 "Exchange lists for selected Protein Diets" — Mev J M Crous
- 150 "Die Universiteit van Pretoria se bydrae tot die Dierefisiologiese Vakliteratuur (1930-1980) — J F W Grosskopf, J D Skinner en S Christa Daffüe
- 151 "Professors' Dilemma. Problems, Polemics and Politics in University Departments of English" — Prof P J H Titlestad
- 152 "Ortopedie, Die Ortopeed en die mens" — Prof R P Gräbe
- 153 "Die rol van Fisika in die moderne gemeenskap" — Prof E K H Friedland
- 154 "Interne Geneeskunde: Wetenskap en Kuns" — Prof G P Human
- 155 "Die Opleiding van Chemiese Ingenieurs in Suid-Afrika" — Prof U Grimseh
- 156 "Doelwitte vir Musiekopleiding" — Prof S Paxinos
- 157 "Op die spoor van die Onsigbare Lig" — Prof S F Prinsloo
- 158 "Op die spoor van die Onsigbare Lig" — S F Prinsloo
- 159 "Beroepsvoorligting op Skool" — Referate gelewer tydens 'n Simposium in Beroeps-oriënteringspedagogiek gereël deur die Fakulteit Opvoedkunde van die Universiteit van Pretoria as deel van die Halfeeufeesviering 12 tot 14 Augustus 1980 onder redaksie van Prof C J Joubert